LAMBERTSBAAI/GRAAFWATER/ ELANDSBAAI

STREEKNUUSBRIEF

REGIONAL NEWSLETTER

Uitgawe 2 - April 2011

Voorwoord van die Streekbestuurder

Hierdie nuusbrief bevat inligting ten opsigte van munisipale aktiwiteite op ons onderskeie dorpe, finansiële aspekte sowel as gemeenskapsnuus. Dit is reeds ses maande na die implementering van die streekbestuursmodel, en is alle aanduidings dat die implementering daarvan, ondanks leemtes in dienslewering wat steeds bestaan, reeds positiewe gevolge ten opsigte van dienslewering gehad het. Wees verseker van ons volgehoue pogings om daardie leemtes wat steeds bestaan ten opsigte van dienslewering op streeksvlak, sinvol aan te spreek.

It is still of utmost importance that effective communication be developed between Council and its residents. Residents are urged to bring any enquiries with regard to service delivery/account enquiries directly under the attention of the relevant regional office for fast and effective response to your enquiry.

Inwoners word ook aangemoedig om met voorstelle en oplossings om dienslewering te verbeter asook ons dorp te verfraai, na vore te kom asook hulp aan te bied in die bereiking daarvan. Slegs as ons as gemeenskap eienaarskap vir ons dorp aanvaar, sal daar daadwerklike vooruitgang wees!

Nuus vanuit ons dorpe

Nuwe Riooltrok

Lambertsbaai:

Due to water a shortage which was aggravated by poor water quality, Cederberg Municipality appointed Element Consulting Engineers in 2010 to conduct an investigation in the Sandveld area. The outcome of this investigation was an decision to construct a 1.7 ML Desalination plant for

Nuwe Vulliskompakteerder

Lamberts bay. This project worth around R35 000 000, 00, is mainly funded by the Department of Water Affairs. The current status of the project is that an appeal was lodged against the Environmental Impact Assessment, the outcome which is currently awaited. The tender for the construction of a 3ML reservoir has already been awarded and will the contractor be on site soon.

Die plavei van die sypaadjie van Don Burrelstraat is ook afgehandel. 'n Proses is ook reeds aan die gang om meer vullisdromme in ons dorp te plaas, sowel as om toilette by die onderskeie 2 begraafplase en informele handelsgebied op te rig. Daar is ook 'n nuwe riooltrok ingebruik geneem om die streek te bedien. Met die voorgestelde uitfassering van vullissakke in die nuwe finansiële jaar en die instelling van "wheelie bins", is 'n nuwe vulliskompakteerder op 13 April 2011 ook aan Lambertsbaai dorp afgelewer.



Elandsbaai Biblioteek Victoria Swartz

Elandsbaai:

Algemene instandhoudingswerk word tans uitgevoer en is aandag ook gegee aan die herstel van slaggate.Goeie nuus is die beskikbaarstelling van fondse deur die Wes Kaap Provinsiale Regering vir die oprigting van 'n Thusong (veeldoelige) gemeenskapsentrum. Geskikte persele word tans geidentifiseer en sal u op hoogte gehou word van verwikkelinge.

Graafwater:



Graafwater Biblioteek
Sittend: Amanda Swartz (Bibliotekaresse) & Hilda Klaasen (assistent)

Beligting is op die Graafwater sportgronde aangebring. Sport en oefeninge kan nou ook saans geskied. Heelwat aandag is ook gegee aan die herstel van slaggate. Die stortingsterrein moes noodgedwonge gesluit word vir die storting van huishoudelike afval, wat op hierdie stadium na Clanwilliam en Lambertsbaai afgevoer word. Gesprekke is tans met die relevante owerhede aan die gang oor die toekoms van vullisstorting te Graafwater.

Graafwater biblioteek en inwoners is verheug om 3 rekenaars, 'n drukker en internetfasiliteite tot hul beskking te hê. Ons dank aan die Provinsiale Biblioteekdienste wat dit moontlik gemaak het as deel van die" Rural Library Connectivity Project". Veral ons skoliere kan nou slegs met die druk van 'n knoppie toegang hê tot die HELE wereld en al sy wonders!

<u>Wetstoepassing en Verkeersnuus:</u>

Mnr Mark Cloete het op 1 Maart 2011 diens aanvaar as Wetstoepassingsbeampte in ons streek. Baie welkom in ons midde Mark. Ons glo ook dat sy teenwoordigheid sal meebring dat ons ons wetstoepassingsfunksies meer doeltreffend sal kan verrig.

Inwoners word weereens versoek om hul honde "aan huis" te hou. Te veel klagtes word steeds ontvang ten opsigte van rondlopende honde wat mense onnodig lastig val.

‘n Groot premie word hierdie jaar geplaas op die bekamping van huishoudelike oorlaste en padverkeersveiligheid. Alle inwoners se samewerking word gevra.

Residents are also requested to ensure their Erven is kept clean. Overgrown Erven is not only a possible home for snakes, spiders, etc, but also a fire risk. Most important it does let the town look untidy. Residents’ support in this regard is much appreciated.

Stadsbeplanning en Boubeheer - Het u geweet?

Alvorens enige bouwerke gedoen mag word, moet u eers die nodige goedkeuring verkry vanaf die Boubeheer afdeling te Cederberg Munisipaliteit.

Bouplanne vir goedkeuring moet in drievoud ingevul wees, waarvan een stel ingekleur moet wees.Die nodige bouplanfooie en bouersdeposito is betaalbaar alvorens planne oorweeg sal word. Bouplanne wat laat ingedien word, het ‘n boete heffing van 5x die bouplanfooi.

Grondgebruikregte soos hersonerings/afwykings word reguleer in terme van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning van 1985.

Vir enige verdere inligting of navrae, kontak mnr AJ Booysen by 027 432 1112 of 082 886 6088.

Behuising:

Die Behuisingsdepartement is tans besig met die opdatering van die Waglys en ‘n dringende beroep word gerig aan alle aansoekers wie se name op die waglys verskyn, om hulle inligting te kom verifieer saam met die volgende stawende dokumentasie, *waar van toepassing:*

Gesertifiseerde afskrifte van ID dokumente van Aansoek

Gesertifiseerde afskrif van Huweliksertifikaat

Gesertifiseerde afskrif van Finale Egskeidingsbevel

Gesertifiseerde afskrif van Doodsertifikaat

Gesertifiseerde afskrifte van afhanklikes se Geboortesertifikate/ID dokumente

Gesertifiseerde afskrifte van bewys van inkomstes van Aansoeker en Gade (nie ouer as 3 maande nie)

Graafwater se Behuisingsbeampte is Shirley-Anne Mouton; sy besoek die dorp Woensdae en Donderdae. Die Behuisingsbeampte vir Lambertsbaai/Elandsbaai is Aurielle Syster. Kontak gerus hierdie vriendelike dames om u behulpsaam te wees.

Die Behuisingsdepartement is tans besig met die oordrag van staatgesubsidieerde huise beter bekend as “Hophuise en skema wonings”.

Besoek gerus die Behuisingskantoor indien u nie seker is van u eienaarstatus nie.

Finansies:

Inwoners word vriendelik versoek om hul finansiële verpligtinge teenoor die Munisipaliteit na te kom.Kom tref eerder reëlings ten opsigte van die betaling van u rekening as om glad te betaal nie en sodoende u dienste beëendig te laat word.

U kan u rekeningnavrae ook tot u gerief direk met u plaaslike kantoor opneem – u hoef nie meer "Clanwilliam" te skakel nie. Betreffende daardie navrae wat nie plaaslik hanteer word nie, bv waardasies, sal die plaaslike kantoor dit namens u verwys na die relevante afdeling te Clanwilliam.

Kontak u onderskeie Kassieres vir verdere inligting.

<u>Kontrei nuus en ander brokkies:</u>

Baie geluk aan die Attackers Krieketklub van Graafwater wat onlangs deurgedring het tot die semi-finale van die Pro20 kompetisie in die Boland Noordliga. 'n Skenking van kriekettoerusting deur die Westelike Provinsie Krieketunie het die manne net meer begeesterd gemaak om te presteer. Baie geluk!

Baie geluk ook aan een van ons Interns, Michelle Pols van Lambertsbaai, met die verwerwing van haar Diploma in Koste – en Bestuursrekeningkunde by KPUT op 13 April 2011.

"Beste Munisipaliteit"

Die Laerskool Lambertsbaai vakansieprojek was 'n groot sukses.Die kinders het dit vreeslik geniet. Daar het iets plaasgevind in ons jong kinders hierdie vakansie wat 'n roering gebring het. Kinders het hul harte vir die Here gegee en hul harte oopgemaak. Ons wil al die eer aan God gee vir sy seën op die projek. Dankie vir jul betrokkendheid, sonder julle sou dit nie moontlik wees nie. Groot dinge is besig om onder die jeug van Lambertsbaai te gebeur. Ons voel baie bevoorreg om deel te kan wees daarvan.Ons wil ook al die beamptes dankie sê vir hul moeite met die begeleiding van die kinders . Suzanne Fourie (Kohin Couch)"

<u>Munispale noodnommers na –ure / Municipal emergencies after hours</u>

<u>Lambertsbaai: 082 882 8038 – Mnr Jan Engelbrecht</u>

<u>Graafwater/Elandsbaai: 082 883 6826 – Mnr Derick Cloete</u>